05/11/12

**IN DIE NOORD GAUTENGSE HOë HOF, PRETORIA**

**(REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA)**

**SAAK NO: A352/2012**

…: YES/NO.

REVISED.

5/11/2012

DATE SIGNATURE

**IN DIE SAAK TUSSEN:**

| | |
|---|---|
| **EHLSTER LANGS LINKS** | **APPELLANT** |
| **EN** | |
| **DIE STAAT** | **RESPONDENT** |

---

**UITSPRAAK**

---

**PRETORIUS, R:**

[1] Die appellant is in die Streekshof, Klerksdorp skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal. Hy is tot 5 jaar gevangenisstraf gevonnis op 18 Januarie 2010. Op 4 Februarie 2010 het die hof *a quo* verlof aan die

appellant toegestaan om teen die vonnis te appelleer. Hy was regsverteenwoordig in die hof *a quo*.

[2] Die appellant het in die nag van 17-18 Januarie 2009 in die winkel van Mnr Zunga ingebreek deur van die deur se glaspanele te breek. Hy het kruideniersware ter waarde van R14 000-00 gesteel. Hy is verbind met die misdaad met sy vingerafdrukke.

[3] Hierdie hof kan slegs inmeng met 'n vonnis opgelê indien die hof van oordeel is dat die hof *a quo* homself wanvoorgelig het óf in die geval waar 'n vonnis skokkend onvanpas is.

[4] Die uitspraak van die hof *a quo* meld slegs dat die landdros na die persoonlike omstandighede van die appellant gekyk het, maar nie of dit enigsins in aanmerking geneem is by die oorweging van die vonnis nie.

[5] Die hof het verder gegaan en huisbraak met die opset om te roof bespreek, terwyl daar geen sodanige getuienis daaromtrent was nie. Die hof bevind ook dat die appellant die hof se tyd gemors het deur onskuldig te pleit en 'n vals weegawe voor te lê.

[6] Die hof het die misdaad en die gemeeskapsbelang oorbeklemtoon. Die hof het geen melding gemaak van appellant se jeug, óf die feit dat hy 'n eerste oortreder is en reeds 7 maande verhoorafwagtend was nie.

[7] Dit word nie betwyfel dat die appellant skuldig bevind is aan 'n ernstige misdryf nie. Die hof het egter nagelaat om op die voorkoming van verdere misdade van die appellant ag te slaan. Uit die hof se uitspraak blyk dit dat die hof klem gelê het op vergelding en algemene voorkoming, asook die gemeenskap se belang, sonder om te handel met die persoonlike omstandighede van die appellant.

[8] Die appellant was slegs 21 jaar oud ten tyde van die pleging van die misdaad, hy was 'n eerste oortreder wat by sy ouma en suster gebly het. Hy het slegs standerd 5 geslaag en was werkloos. Hy was reeds 7 maande in aanhouding.

[9] In **S v Vilikazi 2009(1) SACR 552 (SCA)** te para 60 bevind Nugent AR:

"*While good reason might exist for denying bail to a person who is charge with a serious crime it seems to me that if he or she is not promptly brought to trial it would be most unjust if the period of imprisonment while awaiting trial is not then brought to account in any custodial sentence that is imposed.*"

[10] Die Hoogste Hof van Appél het die uitspraak bevestig in **S v Kruger 2012(1) SASV 369** (HHA).

[11] Die hof het ook geen moeite tydends die vonnisverrigtinge gedoen om meer van die persoonlike omstandighede van die appellant te wete te kom nie. Daar is geen aanduiding dat navraag gedoen is oor die appellant se grootmoeder se behuising óf om vas te stel hoe hy as werklose persoon oorleef nie. Die goedere gesteel is kruideniersware en daar was geen poging deur die hof aangewend om vas te stel of dit uit nood gesteel is nie, wat uiteraard versagtend sal wees.

[12] In **S v Nkuna and Another 2007(2) SACR 532 (T)** bevind Du Plessis R:

"*They were sentences without any enquiry as to whether poverty drove them to what they did. The need to ensure that the relevant personal circumstances are before a court before sentence cannot be overemphasised. In this case the failure properly to enquire into the personal circumstances of the accused led to a sentence that is, on the face of it, shockingly inappropriate.*"

[13] Hierdie hof is van oordeel dat 'n vonnis van 5 jaar gevangenisstraf in hierdie omstandighede skokkend onvanpas is. Die hof neem in aanmerking die betreklike jeug van die appellant, die moontlikheid van rehabilitasie, die appellant se huislike omstandighede en sy gebrek aan skoling.

[14] Die hof is van oordeel dat die vonnis tersyde gestel moet word en 'n gepaste vonnis opgelê word.

[15] Ek stel voor dat die vonnis van 5 jaar gevangenisstraf tersyde gestel word en vervang moet word met 'n vonnis van 18 maande gevangenisstraf, waarvan 12 maande opgeskort word vir 5 jaar op voorwaarde dat die appellant nie die misdaad van huisbraak en diefstal pleeg tydens die tydperk van opskorting nie.

[17] Die vonnis word in terme van art 282 van Wet 51 van 1977 terugdateer na 18 Januarie 2010.

**Ek stem saam:**

**J HIEMSTRA**

**WAARNEMEDE REGTER VAN DIE HOë HOF**

DIE BEVEL:

1. Die vonnis opgelê op 18 Januarie 2010 word tersyde gestel;

2. Dit word vervang met: 18 maande gevangenisstraf, waarvan 12 maande opgeskort word vir 5 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie die misdaad van huisbraak en diefstal pleeg tydens die tydperk van opskorting nie.

3. Die vonnis word in terme van artikel 282 van Wet 51 van 1977 terugdateer na 18 Januarie 2010.

C PRETORIUS

REGTER VAN DIE HOë HOF